


© Die Oratorium Uitgewery

# St. Athanasius

## 2 Mei

(295-373)

Hierdie groot kampvegter van Jesus Christus se goddelikheid is uit Christelike ouers in Alexandrië, Egipte, gebore, waar hy ook 'n uitstekende opvoeding aan die bekende Kategese skool ontvang het. Hy was veral 'n kenner op die gebied van die Heilige Skrif. Hy word diaken gewy en vergesel sy biskop Alexander, na die Kerk Konsilie van Nicea en in 328 word hy biskop van Alexandrië. Hoewel Arius se leerstellinge (wat die goddelikheid van Jesus ontken het) by Nicea verdoem is, het die Ariane veld gewen, veral aan die keiserlike hof. Vir die res van sy aardse lewe sou Athanasius die Ariaanse dwaalleer op alle vlakke beveg en sy aansienlike talente in diens stel van die waarheid omtrent Jesus Christus as mens en God. Hy is talle kere van sy setel ontneem en verban en elke keer het hy weer terugkeer en onvermoeid voortgegaan om die gelowiges as sieleherder te lei. In totaal bring hy 17 jaar van sy lewe as biskop in ballingskap deur. Dit is grotendeels aan hom te danke dat die ortodokse siening omtrent Onse Here Jesus Christus vandag nog die amptelike dogma van die Kerk is. Hy word tereg as Kerkleraar vereer.